

Omgewingsondag 2015
Die omgewing is meer as net die dekor vir die mensedrama
Skriflesing: Rut 1:1-6; 4:13-17

Voordat die Skriflesing gedoen word

Liewe Gemeente, vandag is Omgewingsondag — 'n dag wat die kerk afsonder om ons daaraan te herinner dat ons *deel van iets groters* is en dat daardie "iets groters" vir die Here saak maak en vir ons van lewensbelang is.

Iets wat 'n geskiedkundige, Lynn White, in 1967 reeds gesê het, daver nou nog in die ore van Christene. Hy het gesê dat die Christelike Bybel en die Christelike tradisie hom daarvan oortuig het dat die Christelike geloof die mees *mens-gesentreerde* (antroposentiese) geloof op aarde is en dat dit verklaar hoekom Christene oorwegend ongeërg is oor die omgewing. Dis 'n kwaai beskuldiging. Dit veronderstel dat Christene die omgewing/wêreld bloot sien as die dekor wat as agtergrond dien vir die mensedrama waarby God betrokke is.

Die aanklag dat die Christelike geloof baie mens-gefokus is, word dikwels só gemotiveer:

- Julle Bybel verkondig dat die mens oor die aarde en oor diere moet heers (met verwysing na veral Genesis 1:16-28).
- Julle verkondig dat die Here eintlik net in julle siele geïnteresseerd is, dat gelowiges bestem is vir die hemel, en dat die aarde maar net 'n tydelike tentwoning is
- Julle leer ook dat hierdie aarde tot niet moet gaan voordat die tyd van God se finale heerskappy kan aanbreek.

Wie sal nou oor die aarde besorg wees as dié oortuigings jou lewe rig? Dit is die vraag wat Lynn White vir ons vra.

Ons het hier met 'n dodelike kombinasie te doen: *Heers oor die aarde, plus streef na die hemelse in plaas van die aardse*. Baie Christene se diepste strewes het glad nie in hulle pad gestaan toe hulle die industriële era gemaklik omhels het nie. Dit verklaar waarom so baie Christene geen erg het aan omgewingsvraagstukke nie en prakties glo dat die omgewing, bloot die dekor is vir die mensedrama.

Dis 'n geweldige aanklag. En die vinger wys in ons rigting. Wat maak ons nou? Ek nooi julle om saam met my twee dele uit die Rut-verhaal te lees en dan weer die vraag te vra: *Is die omgewing bloot die dekor vir die mensedrama?* Soos wat verhale gewoonlik doen, kan ons hoop dat dié verhaal uit die verre Bybelse tye ons eie gedagtes vir ons uitwys en vir ons wys hoe ons eie harte staan. Ons bid ook dat ons helderder sal hoor hoe 'n stem in die Bybel klink.

Skriflesing

Lees nou Rut 1:1-6 en 4:13-17

Res van preek

Nota aan predikant:

Raampies soos hierdie een bevat 'n bietjie ekstra eksegetiese of agtergrondsinsigting. Dit is nie bedoel om deel van die preek te wees nie, maar dit verhelder hopelik die gedagtes wat in die preek neerslag vind.

Opbou van die Rut-verhaal

Die verhaal as geheel én enkele dele van die verhaal is aan die hand van 'n konsentriese struktuur opgebou. Die struktuur wys hoe die verhaal as geheel inmekaarsteek, watter dele met mekaar verband hou, en watter dele beklemtoon word.

- A Verlies en name (hoofstuk 1:1-5)
 - B Rut bly betrokke by Naomi, maar Orpa nie (1:6-22)
 - C Ontmoeting tussen Rut en Boas (hoofstuk 2)
 - C* Ontmoeting tussen Rut en Boas (hoofstuk 3)
 - B* Boas bly betrokke by Rut, maar die ander lossers nie (4:1-12)
- A* Herstel en name (4:13-22)

Die opbou van die verhaal nooi ons om skerp te kyk na die middel-gedeelte van die verhaal (C en C*, dus hoofstukke 2 en 3, en ook B en B*, dus die laaste deeltjie van hoofstuk 1 en die eerste deeltjie van hoofstuk 4). Dié dele van die verhaal vertel wat die verskil tussen die begin en die einde van die verhaal (A en A* — verlies en herstel) moontlik gemaak het. Dit is presies die dele wat ons nié gelees het nie wat die verskil in die verhaal maak!

Die twee gedeeltes wat hier bo met C en C* aangedui is (die kern van die verhaal as geheel), het elk ook 'n konsentriese struktuur:

- A Rut in gesprek met Naomi (2:1-2)
 - B Boas in gesprek met snyers op die land (2:3-7)
 - C Rut in gesprek met Boas (2:8-15a)
 - B* Boas in gesprek met snyers op die land (2:15b-16)
- A* Rut in gesprek met Naomi (2:17-23)
- A Rut in gesprek met Naomi (3:1-5)
 - B Rut by Boas (3:6-15)
- A* Rut in gesprek met Naomi (3:16-18)

Met die intrapslag vertel die Rut-verhaal van 'n verskriklike krisis wat die landstreek Juda getref het en hoe dit 'n spesifieke familie geraak het. Daar was hongersnood as gevolg van droogte. Die hongersnood was so erg dat hierdie familie uit desperaatheid moes wegtrek na 'n vreemde land, net om aan die lewe te bly. Heel ironies is die plek waarvandaan hulle moet wegtrek Betlehem. Die Hebreeuse woord Betlehem beteken "Huis van Brood". Hulle vat die pad omdat die "Huis van Brood" nie meer brood kon voorsien nie.

Die skrywer van die Rut-verhaal neem die eerste lesers op reis na 'n vroeër tyd. Die verhaal speel af "in die tyd van die leiers..." (1:1), ook die Rigtertyd genoem. Dit was die tyd vóórdat Israel 'n koning gehad het en voordat ander groot nasies die Israëliete in hulle magsryke probeer insluk het. (Die eerste lesers het moontlik ná die Babiloniese ballingskap geleef in 'n tyd toe die verhouding tussen die Judeërs en die Moabiete bra sleg was. Volgens Deut 23:3 is Moabiete verbied om lede van die gemeente te word, selfs nie eens een van die tiende geslag nie. Ná die ballingskap het Esra en Nehemia 'n verbod geplaas op gemende huwelike. Dit is dalk teen dié agtergrond wat die verhaal ontstaan het en wat dit vir die lesers iets oor hulleself wou sê.

Die verwysing na die tyd van die leiers waarvan Rut 1:1 praat en die verhaal as geheel skets die prentjie van 'n landbougemeenskap toe byna almal bestaansboere was en van hulle stukkie grond afhanklik was. Die landbouewolusie het vanaf omtrent 12000jaar gelede mense se leefwyse en lewensuitkyk radikaal beïnvloed. Yuval Noah Harari, 'n Israëli historikus, meen in sy boek *Sapiens. A Brief History of Humankind* dat die verhaal van die mensdom vertel kan word aan die hand van vier deurslaggewende rewolusies. Wanneer ons die impak van hierdie vier rewolusies ondersoek, begin ons verstaan waarom ons wat vandag leef, is wie ons is en leef soos wat ons leef en waarom die mense van die Bybelse tye heeltemal anders gedink en geleef het. Elkeen van hierdie rewolusies het implikasies gehad vir die verhouding tussen mense en hulle omgewing.

Die eerste rewolusie noem hy die *kognitiewe rewolusie* (vóór ong. 12000 jaar gelede). In hierdie vroeë fase van die bestaan van die mensdom het jagter-versamelaars vuur begin gebruik vir sekere doeleindes en basiese tegnologie begin ontwikkel. Hulle het byvoorbeeld begin om berekend dele van die aarde af te brand, hoofsaaklik vir vars weiding vir diere wat hulle gejag het en ook om beboste dele meer toeganklik te maak.

Die tweede rewolusie was die *landbouewolusie* (vanaf ong. 12000 jaar gelede). In dié tyd het mense begin om sekere diere en plantspesies uit te soek wat hulle onder beheerde omstandighede kon aanhou en verbou. Hulle het dié dier- en plantspesies "mak" gemaak om groter beheer te hê oor voedselvoorraad. In hierdie tyd het families die vermoë ontwikkel om meer kos (van minder kossoorte!) te produseer as wat 'n enkele uitgebreide familie nodig gehad het. Dié leefwyse het egter 'n groot verskil gemaak aan hoe mense hulle dae deurbring. Hulle moes voortdurend vir die makgemaakte plante en diere sorg. In die sweet van hulle aangesig moes hulle hulle *brood* verdien. Dit is veelseggend dat die plek waar Naomi en Rut vandaan kom (Betlehem), ook *Huis van Brood* beteken. Harari reken dat ons terugskouend eerder moet sê dat hierdie paar plant- en dierspesies in werklikheid mense makgemaak en as 't ware in diens geneem het. Vandag maak hierdie paar plant- en dierspesies by verre die grootste deel

van biomassa op aarde uit. In ekologiese terme was hierdie spesies dus die suksesvolste waarvan ons weet.

Die derde rewolusie het te doen met pogings tot die *vereniging van die mensdom* (vanaf ongeveer 4000 jaar gelede). Danksy die landbouewolusie kon mense omtrent alles op 'n aansienlik groter skaal doen en het samelewings meer kompleks geword. Dit het die weg gebaan vir die visies van groot magsryke, die invoer van geldstelsels wat wyd in omloop was en die ontwikkeling van godsdienste wat hierdie universele visie met wêreldheersers gedeel het. Godsdienste was een van die maniere wat mense oor kultuurgrense heen saamgebring het.

Die vierde rewolusie is die *wetenskaplike rewolusie* (sedert ongeveer 500 jaar gelede). Danksy die ontwikkeling van moderne tegnologie, industrieë, 'n verbruikerskultuur, ens. het mense meer as ooit tevore 'n geweldige impak op hulle omgewing. Klimaatsveranderinge waarvan ons in ons tyd bewus geword het, is deels toe te skryf aan die impak wat die wetenskaplike rewolusie gehad het op die verhouding tussen mense en die omgewing.

In terme van hierdie historiese raamwerk het die Rut-verhaal ontstaan in 'n tyd toe die impak van die derde rewolusie (pogings tot die vereniging van die mensdom) reeds gevoel is. Die verhaal wys egter mooi hoe mense geleef het ná die aanbreek van die landbouewolusie. Daar is byna niks in die verhaal wat kenmerkend van die tyd van magsryke is nie, behalwe miskien die verwysing heel aan die einde van die verhaal na Dawid, wat in elk geval nie 'n koning genoem word nie (4:17, 22).

In ons tyd probeer golf op golf vlugteling vlugteling elders 'n heenkome vind omdat hulle nie meer liggaam en siel aanmekaar kan hou by die plek wat tot dusver hulle tuiste was nie. Dink maar aan buitelanders wat Suid-Afrika toe stroom en aan die honderde mense wat die afgelope tyd op see tussen Afrika en Europa in bootjies omgekrom het. Dit is nie net Naomi wat op soek na 'n heenkome haar man en twee seuns verloor het nie.

Dit is die mans wat in die storie doodgaan, nie die vrouens nie. Elimeleg, Maglon en Kiljon sterf, nie Naomi, Rut en Orpa nie. Die mans se name dra op sigself 'n boodskap. Die twee seuns se name onderstreep die vernietigende gevolge van hierdie natuurramp: Maglon beteken "Siek" of "Swak" en Kiljon beteken "Gedaan" of "Dood". Elimeleg se naam bevat egter 'n stuk ironie. Dit beteken "My God is Koning". Jou verlies voel net soveel erger en vernederend as jy op 'n vreemde plek vir mense moet sê "My God is Koning" is dood. Die plek waar hulle in Moab gewoon het, het in die verhaal nie eens 'n naam nie. Dit was bloot "die plek waar hulle gebly het" (1:7). Hierdie familie se sekuriteit en identiteit het gedreig om totaal verlore te gaan. Hulle lewens het teen wil en dank verweef geraak met dié van die Moabiete. Elimeleg en Naomi se twee seuns het met Maobitiese meisies getrou. Soos wat die gebruik was, het hierdie meisies deel geword van die huishouding van Elimeleg en Naomi.

In die destydse samelewing was mans die spil waarom 'n familie gedraai het. Die sekuriteit van 'n familie en van 'n samelewing het van mans afgehang — altans so het destyds se man-geörienteerde kultuur mense laat dink. As 'n vrou se man en haar seuns dood is, was dit in die oë van die samelewing so goed of sy was ook dood. Die verhaal onderstreep dié werklikheid in 1:5: "...sy het alleen agtergebly, sonder haar seuns en sonder haar man." Die samelewing het sekuriteit, beheer en eiendomsreg rondom mans gebou. Dit is seker ook waarom Naomi in 1:9 in een asem vir haar twee weduweeskoondogters 'n *goeie man* en 'n *heenkome* toewens.

Wanneer die mans in 'n familie iets oorgekom het, was die vroue ook afgesny van die stukkie grond waarvan almal destyds afhanklik was. Die grond waarvan hulle geleef het, sou in vreemde hande beland. Vir vroue was dit soos 'n doodsvonnis. Daarom het die mense wel planne gemaak om weduwees en weeskinders te help. 'n Manlike lid van die oorlede man se familie het onder 'n verpligting gestaan om met die weduwee te trou (die leviraatshuwelik) in die hoop dat 'n seun uit dié huwelik gebore sal word, sodat die familiegrond nie in vreemde hande beland nie. Daar was ook armereg wat behels het dat haweloses agter die snyers op die oesland korreltjies graan wat oorgebly het, kon optel. Albei dié gebruike word ingespan in die res van die Rut-verhaal.

Wat was dus die gevolge van die omgewingskrisis — die droogte en gevolglike hongersnood? Die sekuriteitsstelsel van die samelewing se boom het uitgeval. Mense se beheersisteme kon nie die wolf van die deur af weghou nie. Mense is reddeloos gelaat. Iets groter as wat mense kon beheer het die lot van hierdie familie bepaal. Kan 'n mens in die lig hiervan sê Elimeleg en Naomi-hulle se omgewing bloot die dekor was vir die opwindende mensedrama wat in Juda en Moab afgespeel het? Beswaarlik. Die omgewing is nie 'n portret waarna mense kan kyk wanneer hulle so voel, of dit wegbêre wanneer hulle lus is nie. Nee, ons is deel van die portret. 'n Banier by 'n onlangse boomplantedag het my opgeval. Dit sê "You are nature."

Ons kan maklik sê dat al die vooruitgang in die wêreld ons in 'n heelwat beter posisie plaas as destyds se landbouertjies. Ons het inderdaad wonderlike tegnologie ontwikkel en uiters gesofistikeerde ekonomiese stelsels uitgedink. Ons het 'n byna virtuele wêreld geskep wat ons van die wêreld daar buite gespeen het. Ons kan hierdie wêreld maklik manipuleer en volledig beheer. En tog waarsku wetenskaplikes ons dat juis mense se fantastiese vermoëns dalk die dood in die pot het. Ons het vergeet: "You are nature."

En toe kom daar in die Rut-verhaal uitkoms, hoewel die vroue steeds reddeloos was. Die uitkoms is nie bepaal deur iets wat mense reggekry het nie. Hulle het trouens geen beheer gehad oor die uitkoms nie. Hoofstuk 1:6 sê: "Toe sy [Naomi] verneem het dat *die Here* vir sy volk uitkoms gebring het deur vir hulle 'n goeie oes te gee, het sy en haar skoondogters klaargemaak om van Moab af terug te gaan." Dit het begin reën, sodat die mense weer kon plant. Daar was weer 'n oes op die land. *Die Here* het vir die mense uitkoms gebring deur weer lewe te gee aan die aardgemeenskap wat plant, dier en mens insluit. Mense moes wag vir die Here se hand in die natuur.

Die Bybel verras ons wanneer dit praat oor die noue band tussen mens en omgewing en dat die omgewing reageer op hoe ons leef, en dat dit nooit los staan van ons verhouding met die Here nie. Daar word gesê:

- dat die weivelde verdor en mense van dors versmag saam met die wilde diere, voëls en visse, omdat mense se trou, liefde, toewyding aan die wil van God en geregtigheid in die land ontbreek (Hos 4:1-3; vgl. Am 1:2)
- dat die dwaasheid van die volk sal meebring dat die land onbewoonbaar word, dat mense en selfs voëls sal verdwyn, dat vrugbare grond woestyn sal word en dat die aarde daarvoor sal treur (Jer 4:22-28)
- dat die Here die aarde gaan verwoes, vernietig, sy voorkoms gaan verander en sy inwoners gaan verstrooi, omdat die inwoners die aarde verontreinig het deur die Here se voorskrifte te minag (Jes 24:1-13).
- selfs dat die aarde mense uitbraak wanneer hulle nie meer omgee hoe hulle leef nie en so die land verontreinig (Lev 18:25).

Jesaja 24:2 sê dat die omgewing nie kieskeurig is wanneer die Here die aarde se voorkoms verander nie:

Dieselfde lot gaan almal tref:

priester en volk,

slaaft en besitter,

slavin en eienares,

koper en verkoper,

uitlener en lener,

skuldeiser en skuldenaar.

Dit is presies wat in die Rut-verhaal met die mense van Betlehem gebeur het.

Daar was weer kos, maar wat van 'n nageslag, sodat Elimeleg se grond in die familie kon bly sodat dit vir Naomi en haar skoondogter 'n heenkome kon bied? Twee vroue, Naomi en Rut, het 'n reeks groot risiko's geneem. Hulle het na tien jaar in Moab sonder enige sekerhede die terugtog Betlehem toe aangepak. Die kans was skraal dat hulle daar as weduwees 'n heenkome sou vind. Daar was egter ook twee mense wat nie vir so 'n onseker bestaan kans gesien het nie. In hoofstuk 1 verkies een van Naomi se skoondogters, Orpa, om na die "sekerhede" van haar Moabitiese ouerhuis terug te keer en in hoofstuk 4 wil die lossers hom nie inlaat by Naomi se belange nie, veral omdat dit sou behels dat hy moet trou met die jong Moabitiese Rut. Hy het gereken dat sy eie eindom in gevaar sou kom indien hy 'n seuntjie by haar verwek. 'n Mens sou kon sê dat Orpa en die lossers die versigtige keuse uitgeoefen het. Dit was egter die pad van groter onsekerheid wat Naomi, Rut en tot 'n mate ook Boas geneem het (veral in hoofstukke 2 en 3) wat vir die familie 'n heenkome help werklikheid maak het en uiteindelik 'n voorsaak vir koning Dawid die lig sou laat sien. Wat vir 'n enkele familie 'n uitkoms was,

het later rimpelings gehad vir 'n hele nasie. Die onsekerheid oor die uitkoms van Naomi en Rut se optrede kom mooi onder woorde waar Naomi in 3:18 vir Rut sê: "Wag maar en kyk wat nou gaan gebeur, my dogter."

Die funksies van 'n lossier:

- Daar is van hom verwag om die dood van 'n familielid te wreek
- Hy kon 'n familielid as slaaf loskoop
- Hy moes die grond van gestorwenes in die familie hou deur met die weduwee te trou en kinders by haar te verwek.

Hier in die Rut-verhaal is dit die juis kinderloosheid na die afsterwe van Elimeleg en hulle twee seuns wat maak dat die vroue hulle hoop op 'n lossier vestig.

Toe die twee vroue in Betlehem aangekom het, was dit net mooi die begin van die garsoes (1:22). In teenstelling met koring, is gars gassosieer met slegte jare en 'n gebrek aan status. Dit was op daardie tydstip presies die situasie van die twee vroue. Dit is veelseggend dat Rut toegelaat was om van die begin van die garsoes tot aan die einde van die koringoes op Boas se land are op te tel (2:23). Dit simboliseer die herstel van status wat Naomi en Rut ontvang het na hulle terugkeer. Mens en natuur vier hierdie uitkoms saam-saam.

Die einde van die verhaal (wat ons ook gelees het) vertel 'n totaal ander storie. Ons hoor van 'n weduwee wat weer trou en geboorte gee aan 'n baba-seuntjie. Ons lees van 'n vrolike vrou tussen haar ou vriendinne. Ons hoor dat die vrou die Here lof toesing vir die wending in die lewe van Naomi. Die buurvrou het die seuntjie 'n naam gegee: Obed. Dit is weer eens 'n betekenisvolle naam. "Obed" beteken "om te dien", "om te werk", "om te bewerk". Dit is juis die woord wat in Genesis 2:15 gebruik word waar die Here God die mens in die tuin laat woon "om dit te bewerk en op te pas."

Dit is dalk hoe ons ons verhouding tot ons omgewing moet sien. Ons is hier geplaas om dit te dienend (te bewerk en) op te pas. Dié houding pas by iemand wat besef dat die omgewing iets groter is as onself en dat dit ons insluit. Daarby maak die omgewing, die hele aardgemeenskap, vir God ook saak. Sê Johannes 3:16 nie juis dat God die *kosmos* so liefgehad het dat Hy sy enigste Seun gegee het nie? Dit sou mos voorbarig wees om te reken dat die omgewing, ons tuiste, maar net die dekor is vir die dramatjies wat ons lewens optower.

Amen

5. want die aarde is verontreinig deur sy inwoners: hulle was ongehoorsaam aan die wet van die Here, hulle het sy voorskrifte geminag, sy vaste verbond verbreek.